

© Die Oratorium Uitgewery

# ST. ANGELA MERICI
## 27 JANUARIE

(c. 1470-1540)

Sy was ‘n weeskind wat deur haar oom groot gemaak is. Hy sterf toe sy 20-jaar oud was en sy omskep haar ouerhuis in ’n skool waar sy die plaaslike meisies kategese gegee het. Hieruit groei die Ursuliene, die eerste vroue orde in die Kerk wat op onderwys gerig was. In 1524 onderneem sy ‘n pelgrimstog na die Heilige Land en in die daaropvolgende jaar word sy deur pous Clemens VII in Rome ontvang. Hy vra haar om in Rome te bly, maar sy gaan woon in Brescia, in die noorde van Italië, waar die eerste Ursuliene gemeenskap opgerig word. Sy was ’n vrou van diep gebed en ’n ware mistikus. Sy is in die kerk van St. Afra in Brescia begrawe.